# UIT DIE PEN VAN DIE CEO (31/13)

*Justin Chadwick (2 August 2013)*

***GESGEDE VAN DIE WEEK** "The ones who are crazy enough to think that they can change the world, are the ones who do" Steve Jobs*

## BOODSKAP VAN DEPARTEMENT LANDBOU, BOSBOU EN VISSERYE (DAFF)

Neem asb kennis van die boodskap van DAFF na 'n vergadering vandag tussen DAFF, PPECB, CGA en FPEF:

1. Produsente en uitvoeragente word daaraan herinner om die "black list" vir CBS na te gaan. Daar is addisonele PUC's bygevoeg. Die lys is beskikbaar aan CMF-lede op www.cga.co.za.
2. Geen "relabeling" op kartonne bestem vir die EU en ander fitosanitêre spesiale markte sal toegelaat word nie. Die praktyk om plakkers oor gedrukte besonderhede op die karton met betrekking tot die PUC, PHC en boordnommers, te plak, is nie toelaatbaar vir hierdie markte nie. Fitosanitêre sertifikate sal nie aan besendings met "relabeled" kartonne uitgereik word nie.
3. Die PUCs sal op alle fitosanitêre sertifikate vir die EU met effek vanaf die 5de Augustus 2013 ingesluit word. Dus moet alle fitos wat vir sertifisering ingedien word vanaf die genoemde datum aan hierdie bepaling voldoen. Die PUC-nommers sal óf op die fito (onder "distinguishing marks") óf op die addendum met die fito-nommer as verwysing wees, asook met verwysing daarna op die fito. 'n Templaat vir die addendum sal opgestel word en deur DAFF beskikbaar gestel word.

Daarbenewens het Paul Hardman ook kommunikasie van DAFF gesirkuleer aangaande " misleading wording on any part of the carton" wat van volgende jaar afgekeur kan word. Dit is by die Variëteits-fokusgroepe bespreek. Uitvoerders wat hierdie bewoording op kartonne gebruik, wat strydig is met die DAFF kommunikasie, word gevra om hierdie inligting na John Edmonds (johne@cga.co.za) te stuur vir latere beraadslaging met DAFF. Die DAFF kommunikasie is beskikbaar op www.cga.co.za.

## "UPCOMING EVENTS"

**18 SEPTEMBER 2013: BOJANGLES CORPORATE CLUB, ST GEORGES PARK CRICKET CLUB, PORT ELIZABETH (09H00)**

***KENNISGEWING EN UITNODIGING OM DIE JAARLIKSE SITRUS KOöRDINERINGSVERGADERING VIR UITVOER VAN SITRUSVRUGTE NA SPESIALE MARKTE TYDENS 2013/2014 UITVOERSEISOEN BY TE WOON.***

*Produsente van sitrusvrugte, uitvoerders en rolspelers vir uitvoer na China, EU, Iran, Japan, Republiek van Suid- Korea, Thailand en VSA spesiale markte word uitgenooi en aangemoedig om deel te neem in die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye (DAFF) se Jaarlikse Sitrus Koördineringsvergadering wat op 18 September 2013 by Bojangles Corporate Club by St Georges Park Cricket Club in Port Elizabeth (Oos-Kaap) gehou gaan word. Al die reëlings en vereistes vir die 2013/2014 uitvoer-seisoen sal afgehandel en verduidelik word, gebaseer op die uitvoerprogramme vir die Suid-Afrikaanse Sitrusvrugte. Neem asb kennis dat 'n suksesvolle vrugte-uitvoerseisoen afhanklik is van die nakoming van die vereistes van die invoerland en nakoming begin in die boord (sien asb die relevante uitvoer-protokolle op die volgende skakel " http://www.daff.gov.za + Agricultural Production, Health & Food Safety Branch + Plant Health + Exporting from SA + Special Export Protocols/Programmes/Directives".*

*Verteenwoordigers van DAFF se Direktoraat Plantgesondheid, Inspeksiedienste en Voedselveiligheid en Gehalteversekering en die Suid-Afrikaanse Sitrusbedryf sowel as sleutel rolspelers sal die afgelope uitvoerseisoen bespreek met die doel om uitvoerprosedures verder te verbeter en vir die volgende sitrus uitvoerseisoen (2013/2014) te beplan. Alle nuwe ontwikkelinge sal ook deel van die agenda wees, Verdere inligting kan bekom word van Me Rejoice Muavhi, Tel: +27 12 319 6538, E-pos RejoiceM@daff.gov.za OF Me Juliet Maja, Tel: +27 12 319 6178, E-pos: JulietM@daff.gov.za. OF Mnr. Patrick Magadani Tel. +27 12 319 6235, E-pos: PatrickMag@daff.gov.za , OF Mnr. Tshivhidzo Sikhwari, Tel: +27 12 319 6294, E-pos: TshivhidzoS@daff.gov.za. OF Eric Mudau, Tel: +27 12 319 6289, E-pos: EricMu@daff.gov.za.*

**ALLE BELANGHEBBENDES IN DIE BEDRYF WORD AANGEMOEDIG OM BY TE WOON – ITEMS VIR DIE AGENDA KAN AAN DAFF OF CGA GESTUUR WORD**

## GEPAK EN VERSKEEP

Die **Nawel Fokusgroep** het hul voorspelling op 17 Julie (vanaf 23.1 m na 22.9 m kartonne) verminder. Die **Sagte Sitrus Fokusgroep** het op 2 Julie vergader en het weer hul voorspelling na die aanvanklike skatting van 8.2 m kartonne verander - clementines is nou amper klaar met 2 494 493 van die 2 538 608 kartonne gepak en vir uitvoer goedgekeur. Die fokus is nou op die laat mandaryne - 2 263 906 van die 2 538 608 voorspelling in hierdie kategorie is nou gepak en vir uitvoer goedgekeur. Die **Valencia Fokusgroep** het op 31 Julie vergader en hul voorspelling met 2 miljoen kartonne na 45.7 miljoen kartonne afgebring.

Valencias is nou in volle swang – tot op datum is twee miljoen kartonne minder as laas jaar verskeep – met minder wat vir die EU bestem is (jaar tot op datum uitvoer na Noord-Europa is met 1 miljoen kartonne af, Suid-Europa is 04. Miljoen minder en VK is met 0.2 miljoen kartonne minder].

Onlangse berigte in die media het oor erge ryp in Chile en Argentinië berig wat die balans van hul seisoen sal beïnvloed.

| Tot Week 31<br>Miljoen 15kg kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | 2011 | 2012 | 2013 | 2012 | 2013 | 2013 | 2013 | 2012 |
| Pomelo's | 13.8 m | 11.3 m | 15.4 m | 10.9 m | 14.3 m | 15 m | 17.8 m | 13 m |
| Sagte Sitrus | 6.2 m | 6.2 m | 6.4 m | 6 m | 6.1 m | 8.2 m | 8.2 m | 7.6 m |
| Suurlemoene | 9.1 m | 8.2 m | 9.2 m | 7.5 m | 8.3 m | 11.1 m | 10.3 m | 10.5 m |
| Nawels | 18.6 m | 21.1 m | 21.4 m | 19.3 m | 19.1 m | 24.9 m | 22.9 m | 24.6 m |
| Valencias | 12.5 m | 13.9 m | 13.1 m | 10.3 m | 8.3 m | 47.7 m | 45.7 m | 47.2 m |
| Totaal | 60.2 m | 60.7 m | 65.5 m | 54 m | 56.1 m | 106.8 m | 104.9 m | 103 m |

**SUIDER AFRIKA SE SITRUS PRODUSENTE SE MAATSKAPPYE CGA, XSIT, CRI, RIVER BIOSCIENCE, CGACC EN CITRUS ACADEMY VERSEKER 'N KOMPETERENDE EN VOLHOUBARE BEDRYF**